

**BENODIGDHEDE:** Een 20-g-bol Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 60; hekelpen van 0,75 mm.

**MATE:** Boeklêer is 22,5 cm lank en 4 cm breed.

**SPANNING:** 7 spasies en 7 rye = 2,5 x 2,5 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; herh - herhaal; sp(s) - spasio (spasies) (= twee kettingsteke, slaan volgende twee kettingsteke of langbene oor, een langbeen in volgende kettingsteek of langbeen); blk(s) - blokkie (blokkies) (= vier langbene plus drie langbene vir elke bykomende blokkie in 'n groep); st(e) - steek (steke); beg - begin; vermeer - vermeerder; ls(e) - lus (lusse); grh - garing rondom hekelpen.

**AANWYSINGS:** Begin met 6ks.

**1e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 2ks (= 1blk gevorm), 5ks, draai.

**2e ry:** 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in vlg ks, 1lb in vlg lb, (= 1blk vermeer aan beg van ry), 1lb in elk van vlg 2lb, grh, steek pen in vlg ks en trek 'n lus deur, grh en trek deur 1 lus op hekelpen (= 'n basis-ks gevorm), (grh en trek deur 2 lusse op hekelpen) 2 keer, \*grh, steek pen in basis-ks en trek lus deur, grh en trek deur 1 lus op pen (= nog 'n basis-ks gevorm), voltooi soos 'n lb; herh van \* nog 2 keer (= 1blk aan einde van ry vermeer), 5ks, draai.

**3e ry:** 1 vermeer-blk, (2ks, slaan 2lb oor, 1lb in vlg lb) 2 keer, (= 2sps oor 2blks gevorm), 2ks, slaan 2lb oor, 1 vermeer-blk, 5ks, draai.

**4e ry:** 1 vermeer-blk, 5ks, slaan 3lb en 2ks oor, 1lb in vlg lb (= 'n stafie oor 1blk en 1sp gevorm), 2ks, 1lb in vlg lb (= sp oor sp gevorm), 5ks, slaan 2ks en 3lb oor, 1 vermeer-blk, 5ks, draai.

**5e ry:** 1 vermeer-blk, 1sp, 3ks, slaan 2ks oor, 1kb in vlg ks, 3ks, 1lb in vlg lb (= 'n laset gevorm) 1sp, 1 laset, 2ks, slaan 2lb oor, 1 vermeer-blk, 5ks, draai.

**6e ry:** 1 vermeer-blk, 1 stafie, 5ks, 1lb in vlg lb (= 'n stafie oor 'n laset gevorm), 1sp, 1stafie, 5ks, slaan 2ks en 3lb oor, 1 vermeer-blk, 3ks, draai.

**7e ry:** Slaan 1e lb oor, 1lb in elk van vlg 3lb (= blk oor blk aan begin van ry gevorm), 2 lasette, 1sp, 2 lasette, 1lb in elk van vlg 2lb, 1lb in vlg ks (= blk oor blk aan einde van ry gevorm), 3ks, draai.

**8e ry:** 1blk, 2 stafies, 1sp, 2 stafies, 1blk, 5ks, draai.

**9e ry:** Slaan eerste 3lb oor, 1lb in vlg lb (= sp oor blk aan beg van ry gevorm), 2lb oor vlg stafie, 1lb in middelste ks van dieselfde stafie, 2ks, 1lb in vlg lb, (= 1blk en 1sp oor 'n stafie gevorm), 1 laset, 1sp, 1 laset, 2ks, slaan 2ks oor, 1lb in vlg ks, 2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb (1sp en 1blk oor 'n stafie gevorm), 2ks, slaan 2lb oor, 1lb in vlg ks (= sp oor blk aan einde van ry gevorm), 5ks, draai.

**10e ry:** Slaan 1e lb oor, 1lb in vlg lb (= sp oor sp aan beg van ry gevorm), 1sp, 2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb (= blk oor sp gevorm), 1 stafie, 1sp, 1 stafie, 1blk, 1sp, 2ks, 1lb in 3e van 5ks (= sp oor sp aan einde van ry gevorm), 5ks, draai.

**11e-17e ry:** Volg diagram.

**18e ry:** 2lb in 1e sp, 1lb in vlg lb (= blk oor sp aan beg van ry gevorm), 2 stafies, 1sp, 2 stafies, 2lb in vlg sp, 1lb in 3e van 5ks, 3ks, draai.

**19e-21e ry:** Volg diagram.



Maak  
jou merke

Herh van 10e tot 21e ry 3 keer, herh dan vanaf 10e ry tot laaste ry van diagram. Heg af.

**OMRANDING:** Met regte kant voor, heg garing aan enige sp vas en hekel 'n rondte kb eweredig gespasioer rondom boeklêer, eindig met gs in 1e kb. Heg af. Maak klam en speld uit volgens mate.

**TOSSEL:** Draai garing 30 keer om 'n stuk karton, 8 cm breed. Bind buiging van lusse bo vas en verwyder karton. Draai garing om tossel, 5 mm van bo af en werk goed vas. Werk tossel aan punt van boeklêer vas (sien foto) en knip punte gelyk.

#### DIAGRAM

